# KINDERKERK LES: Funles – Hou aan Jesus vas

**Doel van les:**

- Ons speel speletjies. Ons trek elke speletjie geestelik deur.

**Speletjie 1: Ballon Balans:** Wys hoe goed jou balans is. Gee vir elke kind 'n opgeblaasde ballon. Almal moet dit gelyk op hulle koppe sit en met een hand vashou. Stel nou 'n stophorlosie vir 60 sekondes. Op die woord 'nou' moet hulle die ballon los en vir die volgende 60 sekondes op hulle koppe probeer hou. As die ballon begin afgly, moet hulle dit probeer keer, maar hulle mag glad nie hulle hande gebruik nie.

- Kom ons hou ons ogies op God net soos ons ons ogies op die ballon gehou het.

**Speletjie 2: Cookie face:** Gee vir elke kind 'n koekie. Hulle moet die koekie op hulle voorkoppe sit en net met die spiere in hulle gesig, die koekie beweeg van hulle voorkoppe na hulle mond.

- Julle het daai gesigspiere nou so lekker geoefen. Net so moet ons ons geestelike spiere oefen deur elke dag ons Bybels te lees en te bid.

**Speletjie 3: Langste Hula:** Gee vir elke kind 'n hula hoop. Wie kan hula hoop vir 60 sekondes aanmekaar?

- Ons het so in die middel van die hoola hoop gestaan en draai. God moet altyd die middelpunt van ons lewens wees. Dit beteken Hy moet altyd die belangrikste in ons lewens wees.

**Speletjie 4: Bubbles deur die hoop:** Gee vir elke kind 'n botteltjie bubble seep. Kry 'n helper om 'n hula hoop vas te hou. Die kinders kry elkeen 'n beurt om 'n borrel te blaas na die hula hoop en te kyk of hulle dit deur kan blaas. Julle kan ook die hula hoop verder weghou en die kinders 'n borrel laat blaas en dan probeer om dit in die lug te hou tot by die hule en deur dit.

- Die Bybel sê die pad na die Hemel is 'n nou pad en ons moet op daardie pad bly. Jesus is ons pad na die Hemel. Ons kan op geen ander manier na die Hemel gaan nie. Net deur ons hartjies vir Jesus te gee en te leef soos Hy wil hê.

**Speletjie 5: Piramide:** Gee vir elke kind 20 glasies. Kom ons kyk wie kan die vinnigste 'n piramide met die glasies bou. (Bou voor die tyd 'n piramide sodat die kleintjies kan sien wat jy bedoel met 'n piramide bou.)

- Die Bybel vertel ons dat die wat na Jesus se woorde luister en dit doen, soos 'n wyse man is wat sy huis op 'n rots gebou het. Daar het 'n storm gekom, maar die wyse man se huis het bly staan. So kom daar in ons lewens ook storms. Watter storms kan daar dalk wees? (Siekte, mamma en pappa wat skei, iemand wat jou boelie, ens.) Al kom daar storms in ons lewens en

dinge gaan moeilik, as ons doen wat Jesus sê en aan Hom vashou, sal ons deur dit kom en ons lewenshuisies sal bly staan.

**Speletjie 6: Kolskoot:** Gee vir elke kind 'n ping pong balletjie. Plaas een glasie op 'n tafel. Elke kind kry 'n beurt om die balletjie in die glasie te kry deur dit een maal op die tafel te laat bons na die glasie toe.


- Kom ons hou altyd ons ogies op Jesus.

**Speletjie 7: Ballon juggle:** Gee vir elke kind drie opgeblaasde ballonne. Kom ons kyk wie kan al drie ballonne vir 60 sekondes in die lug hou.

- Soms voel dit vir ons asof ons baie dinge moet doen en dinge gebeur met ons wat nie te lekker is nie. Maar al gaan dinge moeilik, kan ons weet dat ons altyd na Jesus kan gaan en met Hom daaroor kan praat. Ons kan Hom vra om ons te help en ons sterk te hou.

Indien daar tyd oor is, kan hulle 'n prentjie inkleur.

Sluit af met gebed.




www.coloringpages101.com